

50
FILIPPENSE
bm
Bybel marathon
FILIPPENSE 1
FILIPPENSE 4
195
22:22

Ons het as gemeente 'n besonderse mylpaal agter die rug. Deur die loop van hierdie afgelope week het ons die Bybel van die heel eerste bladsy in Genesis tot by die laaste amen in Openbaring deurgelees. **Om in so 'n kort tydjie deur die hele storie van God se verlossingsplan te reis, doen iets aan 'n mens se hart. Dit gee 'n mens perspektief. Dit herinner jou aan die magtige groter prentjie waarin ons leef.**

Maar vandag wil ons nie net stilbly by 'n gevoel van verligting of prestasie dat die taak afgehandel is nie. Vandag staan ons stil voor God met 'n hart wat oorloop van **dankbaarheid**.

Dankbaarheid vir die feit dat ons die God van die heelal kan ken, en dat Hy gekies het om Homself aan ons te openbaar deur Sy Woord.


Ons gaan na drie kort gedeeltes uit die Skrif kyk wat ons help om hierdie dankbaarheid te verstaan en te uitleef.


Psalm 119:162
" Oor u woord is ek so bly soos iemand wat
'n groot skat in die hande gekry het."

**Dink vir 'n oomblik oor die prentjie wat die psalmdigter hier gebruik. Hy vergelyk God se Woord met 'n "groot skat” soos iemand wat op 'n verborge kis vol goud en edelstene afkom.**

**Ons vergeet dikwels watter ongelooflike voorreg dit is om 'n Bybel op ons skoot te hê. Vir eeue lank in die geskiedenis van die kerk het gewone gelowiges nie eers 'n eie Bybel besit nie. Hulle moes staatmaak op dit wat een maal 'n week vir hulle voorgelees is. In baie plekke in die wêreld vandag is die Bybel steeds 'n verbanne boek, en gelowiges moet bladsye uitskeur en wegsteek net om 'n paar verse te kan lees sonder om gevang te word.**

**Ons het die week die hele Bybel deurgelees.**

**Wanneer ons besef dat God Sy eie stem, Sy eie wil, Sy eie beloftes swart op wit vir ons gegee het, verander ons perspektief.**

**Die Bybel is nie 'n swaar boek van wette of 'n verpligting wat ons moet nakom nie. Dit is 'n skatkas! Elke keer as jy jou Bybel oopmaak, sluit jy 'n skatkis oop.**

**Dit is die eerste rede vir ons dankbaarheid: Ons het 'n skat ontvang.**

**Maar wat maak hierdie skat so waardevol? Dit bring ons by ons tweede teksgedeelte. In Johannes 17 bid Jesus in die nag voor Sy kruisiging tot die Vader, en Hy sê:**

## Johannes 17:1-3

***"Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die***
***Seun U kan verheerlik. 2U het Hom immers die volmag***
***oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom***
***gegee het, die ewige lewe te gee. 3En dit is die ewige***
***lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus***
***Christus, wat deur U gestuur is.."***

**Hier lê die ware krag van die Bybel. Die doel van die Skrif is nie net om ons koppe vol Bybelkennis of feite te prop nie. Die doel van die Bybel is verhouding. Dit is om God te leer ken.**

**Wanneer 'n mens die Bybel van Genesis tot Openbaring lees, lees jy nie net 'n versameling losstaande stories van antieke mense nie. Jy sien hoe God Homself stap vir stap openbaar.**

- **Jy sien Sy skeppingskrag in Genesis.**
- **Jy sien Sy geduld en trou met 'n struikelende volk in die Ou Testament.**
- **Jy sien Sy ongelooflike liefde en genade in Jesus Christus in die Evangelies.**
- **En jy sien Sy finale oorwinning in Openbaring.**

**Jesus sê die ewige lewe is om die Vader te *ken*, en Jesus Christus wat Hy gestuur het. Die Griekse woord vir "ken" (GINOSKO) hier verwys nie na 'n oppervlakkige verstands kennis nie, maar na 'n diep, intieme verhouding, wat deur die loop van tyd verdiep.**

**Ná hierdie week van lees kan ons sê: Ons ken vir God beter. Ons het gesien hoe Hy optree, hoe Hy vergewe, hoe Hy liefhet en hoe Hy Sy beloftes hou. Die Bybel is God se uitnodiging aan jou: *"Kom leer My ken."* En vir daardie openbaring bring ons aan Hom die dank.**

**Nou ontstaan die vraag: Wat maak ons nou? Ons het die Bybel deurgelees, ons het die skat gesien, ons het God beter leer ken. Sluit ons nou bloot die Bybel en sê: *"Dit is afgehandel vir die jaar"*?**

**Apostel Paulus gee vir ons die antwoord in ons laaste teksgedeelte, uit Kolossense:**

# Kolossense 3:12-17

*"12Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet*
*julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam*
*wees. 13Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen*
*die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook*
*vergewe. 14Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot*
*volmaakte eenheid saambind. 15En die vrede wat Christus gee, moet in*
*julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van*
*een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.* ***16Die***
***boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en***
***onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet***
***julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God***
***sing****. 17En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van*
*die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."*

**Let op die woord wat Paulus gebruik: Hy sê die Woord van Christus moet in ons *woon/bly*. Dit beteken die Bybel moet nie net 'n besoeker in ons lewe wees wanneer ons dit lees nie—dit moet intrek. Dit moet ons denke, ons woorde, ons keuses en ons verhoudings kom vorm.**

**Wanneer die Woord van God in ons lewe intrek en tuisgaan, gebeur daar 'n natuurlike ding: Dankbaarheid ontplof in ons harte. Paulus koppel die rykdom van die Woord direk aan dankbaarheid en lofbesit.**

**Iemand wat die Bybel gelees het en toegelaat het dat die Woord in hom woon, kan nie anders as om met dankbaarheid te leef nie.**

**Dit verander hoe ons na ons probleme kyk, hoe ons met ons naaste praat, en hoe ons God elke dag dien.**



